Die Voortrekkers

Transvaal
Omsendbrief
September 2019

houKOERS!

transvaal.voortrekkers.co.za

6 September 2019

Beste voortrekkervriende,

Die September 2019 skoolvakansie wink en dis ongelooflik om te dink dat die derde skooltermyn bykans verby is. Gelukkig kan Transvaal Voortrekkers uitsien na ‘n besige skoolvakansie met heerlike gebiedskampe wat om die draai is. Waar kamp jy gedurende hierdie skoolvakansie, is dit by die gewilde PD kamp Venterskroon of as Verkenners by Nakuphi of Wilgedraai?
Dit maak nie saak waar nie, solank jy elke oomblik daarvan geniet …

Onthou om die gebiedsdagbestuurslede hartlik te verwelkom as hulle by jou kamp ‘n draai maak …

1. Transvaal Pastorale Raadgewer

Willem Boshoff

Vervreemding en tuiskoms

Marcus Borg, `n Nuwe-Testamentikus van naam, het in sy boek “Meeting Jesus again for the first time” geskryf dat daar drie groot verhale is aan die hand waarvan ons oor die verhouding tussen God en mens kan praat. Elkeen van die groot verhale belig ‘n verskillende kant van die saak.

Die eerste groot verhaal is die verhaal van onderdrukking en bevryding. Dit is baie bekend uit die vertellinge oor Israel se onderdrukking in Egipte en hulle bevryding tydens die uittog. Dit het neerslag gevind in die Bevrydingsteologie.

Die tweede groot verhaal is dié van skuld en verlossing. Voorbeelde daarvan vind ons in die Rigtersverhale in die Ou Testament en Paulus se verduideliking van Jesus se dood as versoeningsoffer vir sondaars. Dit speel ‘n baie groot rol in die teologie van die Reformasie.

Die derde groot verhaal is die verhaal van vervreemding en tuiskoms. Dit is veral `n prominente verhaal in die gebeure rondom die Babiloniese ballingskap en die terugkeer na Jerusalem toe.

In hierdie dae van

- haatspraak-hofsake oor die Unievlag (die Oranje, Blanje, Blou)
- vreemdelingehaat wat neerslag vind in die afbrand van mense se eiendom en winkels
- dienstebetogings wat dikwels meer vernietig as opbou
- regstellende aksie wat dit vir sommige baie moeilik maak om werk te kry en te behou
- staatskaping
- die onaantasbaarheid van sommige politici wat oënskynlik enigiets kan sê en doen sonder om vervolg te word

ervaar ek self vervreemding en hoor ek van baie mense wat vreemd voel in ons huidige omstandighede. Elkeen kan dalk nog voorbeelde van bevreemdende gebeure by die lysie byvoeg.

Die tuiskoms (of herstel) is `n gawe van God. Ons lees iets daarvan in Esegiël se visioen van die vlakte vol droeë beendere (Eseg 37:1-14). Dit lyk asof lewe nie weer moontlik is nie, maar op die Here se bevel, praat die profeet en die beendere word weer mense en God self blaas die asem terug in die mense in. Dit simboliseer die tuiskoms en herstel van die mense wat in ballingskap was.

In huidige omstandighede hunker ek dikwels daarna om weer “tuis” te kan kom uit `n omgewing van ernstige vervreemding. ‘n Voorwaarde om tuis te kan kom is om die Here te vertrou dat Hy in volle beheer is – selfs as die donker onweerswolke saampak, weet ons as gelowiges dat die storm ook deel is van sy plan met ons.

Die God wat mense bevry en verlos, is ook die Een wat mense `n tuiskoms kan laat beleef. Mag dit jou ervaring wees.

2. Gebiedsleier
(Sirkel – Skakel)

Ons het deurlopend hierdie jaar aan ons drome gebou, en nou aan die einde van die derde kwartaal kan ons terugkyk na ‘n paar drome wat werklikheid geword het. Dog bou ons ook angstig aan nuwe drome wat stadig maar seker begin gestalte kry.

Ons kyk met trots terug op baie suksesvolle gebiedskampe en ander gebieds-, oord en kommandoaktiwiteite wat plaasgevind het. Gedurende elkeen van hierdie aktiwiteite is vaardighede aangeleer, kennis verbeter en vriende gemaak.

‘n Verkennerdroom wat waarheid geword het, is die PV Konferensie wat plaasgevind het. Vir ‘n eerste keer het graad 12 verkenners stil gestaan en gereflekteer oor hul voortrekker, en spesifiek verkennerloopbaan, in die vorm van ‘n Ekspo. Weereens knapgedaan aan elke verkenner en span vir die samestelling van jul uitstallings en die deel van jul ervarings, ondervindings en selfs geheime. Die PV konferensie het plek gemaak vir ‘n verskeidenheid van sprekers en onderwerpe. Elkeen het beslis meer verryk daarvandaan vertrek.

Die graad 7 Penkoppe en Drawwertjies se voorslagdroom is in wording. Ons vertrou dat hul die voorslagkamp sal geniet en sal kan terugkyk op hul loopbaan en bewus wees dat die “lekker” ook diepte en groei te weeg gebring het.

Ons gesprekke rondom die uitvoering van die kongresprioriteite vorder goed. Die huidige vordering rakende die herstrukturering word kortliks as volg opgesom:

- Die nuwe geografiese areas aan die oosrand, tans bekend as oord Oosvaal, begin reeds om hul eie identiteite te vorm en eie bestuursprosesse te verbeter.
- Die kommando’s rondom Centurion, die Wesrand en die Noordwes provinsies is in gesprekke om samewerking tussen hierdie areas as nuwe geografiese area.
- Die kommando’s in Pretoria, Limpopo en Mpumalanga is in gesprek oor hul samewerkings en bestuursmodelle.

In alle gevalle het die geografiese areas die uitdaging om in 2020 meer verantwoordelikheid te neem rakende opleiding van volwassenes en die bestuur van hul eie finansies. Alle aktiwiteite geskied onder die wakende oog en mentorskap van die huidige gebiedsdagbestuur.

Dit word weereens bevestig dat die implementering van 'n nuwe bestuursmodel, 'n deurlopende proses is. Dit word bevestig dat verskeie elemente deurlopend in balans moet wees. Sien die diagram rakende die ekonomiese enjins, kulturele leierskap en effektiewe stelsel.

Die gesprekke rakende die hoofbestuursmodel is ook in alle erns aan die gang.

Maak dus seker dat jul nie die gebiedsraad op 9 November 2019 mis nie en wees deel van die bou van 'n nuwe toekoms en die skryf van 'n nuwe hoofstuk in die voortrekkers se geskiedenis.

Baie sterkte met die afhandeling van die verkiesing van die kommandodagbesture.



Geniet die aktwiteite van die volgende paar maande!

3. Administrasie

(Stadige verkeer)

3,1 Gewysigde e-pos adresse

Neem asseblief kennis van die nuwe e-pos adresse wat met onmiddellike effek inwerking getree het:

gebiedsleier@transvaal.voortrekkers.co.za vir Zandra Machin, in hoedanigheid as gebiedsleier.
admin@transvaal.voortrekkers.co.za vir Elsa Schnetler, in hoedanigheid as gebiedsekretaris.
kantoor@transvaal.voortrekkers.co.za vir Izelle Ryan, in hoedanigheid as administratiewe beampte.
hartbeesfontein@voortrekkers.co.za vir besprekings te Hartbeesfontein.
debank@voortrekkers.co.za vir besprekings te De Bank.

3.2 Die kinderwet en Die Voortrekkers

Dit is belangrik om te verseker dat volwassenes wie werk met jeuglede betroubaar en bevoeg is om met jeuglede te werk.

Maak seker dat alle volwassenes vertroud is met die inhoud van die lidmaatskapbrosjure en die volwasse gedragskode. Ons risiko's is waar geregistreerde volwasse voortrekkerlede te familêr met verkenners is.

Die Voortrekkers se lidmaatskap vorm dek ook reeds voldoende vrae ten einde Die Voortrekkers die geleentheid te bied om ondersoek te doen sou daar enige twyfel oor 'n nuwe aansoeker bestaan.

Die voorstel dat alle volwassenes ingevolge die kinderwet (artikel 126, Wet 38 van 2005 soos gewysig), die SAPD vorm 30 **moet** voltooi, in die teenwoordigheid van die polisie, **moet** tans baie versigtig en omsigtig hanteer word. Die rede vir my stelling is dat *Die Voortrekkers* nie val in die omskrywing van artikel 126 van die Kinderwet nie.

Elke volwassene het wel die reg om ingevolge artikel 126 (3) van die Kinderwet, Wet 38 van 2005 soos gewysig, vas te stel of sy of haar naam in Deel B van die Nasionale Kinderbeskermingsregister verskyn, en indien wel, die redes waarom sy of haar naam in die Nasionale Kinderbeskermingsregister opgeneem is.

Alle kommandodagbesture asook oorddagbesture behoort gereeld en ten minste een keer per jaar 'n gesprek met die kommandobestuur te hê ten einde die inhoud van die lidmaatskapbrosjure en die vowasse gedragskode met hulle te bespreek. Die gebruik van Hoofstuk 16 vir alle voortrekker aktiwiteite word ook aangemoedig.

3.3 Gebiedsjaarprogram

Die 2020 gebiedsjaarprogram is beskikbaar. Besoek Transvaal webblad https://transvaal.voortrekkers.co.za en vind die jaarprogram in die administrasie vouer onder dokumente

3.4 Gebiedsraad

Neem asseblief kennis van die oproepbrief na die gebiedsraad wat versprei is op 8 Augustus 2019.

Maak asb seker dat kommando's verwittig word van die komende gebiedsraad wat gehou sal word op Saterdag 9 November 2019.

Die name van alle kommando afgevaardigdes moet asseblief voor óf op 11 Oktober 2019 gestuur word na admin@voortrekkers.transvaal.co.za

3.4 SAS

Kommando en oorddagbesture word versoek om seker te maak dat alle lede se korrekte inligting op SAS opgedateer is. Die korrekte inligting aangaande betaling en toegangsregte word vereis deur die ouditeure wanneer finansiële oudit van ons voortrekkerstate gedoen word.

Ons is tans besig om alle kommando's se SAS inligting te kontroleer. Daar is persone genader om te help met hierdie proses in hulle eie kommando's.

Alle organiseerders van GGA, GGN en gebiedskampe moet asseblief toesien dat alle inligting (inskrywings en bywonings) van spesialisies korrek op SAS gelaai word. Daarna moet 'n naamlys (verkieslik in excell formaat) na die gebiedskantoor gestuur word vir goedkeuring van die spesialisasies.

3.6 Die stig en ontbinding van Kommando's en Staatmakergroepe

Stig van veldkornetskappe, staatmakergroep en kommando's

Los spanne, los veldkornetskappe, staatmakergroepe en kommando's word gestig ingevolge Hoofstuk 19 van die reglemente.

Gebruik asseblief die kontrolelys alvorens 'n veldkornetskap, staatmakergroep of 'n kommando gestig word.

Ontbinding van veldkornetskappe, staatmakergroep en kommando's

Hoofstuk 14 bepaal onder andere dat die gebiedsdagbestuur 'n span/los veldkornetskap/kommando kan ontbind as (*verbatim aanhaling*):

2.2.2 Die betrokke liggaam nie meer funksioneer nie;

2.2.3 Die betrokke liggaam nie volgens die grondwet, reglemente en prosedures van Die Voortrekkers optree nie;

2.2.4 Die betrokke liggaam nie meer oor genoegsame lede beskik om 'n behoorlike bestuur soos in die betrokke reglemente bepaal, saam te stel nie.

Die gebiedsdagbestuur kan egter ook ingevolge par.2.3 die volgende besluit neem:
Die betrokke Gebiedsdagbestuur of Hoofdagbestuur kan uit eie beweging of na oorlegpleging met die betrokke liggaam wat nie funksioneer nie, maar waarvoor daar genoegsame bewys bestaan dat die liggaam binne afsienbare tyd weer behoorlik kan funksioneer, daardie liggaam onaktief verklaar en al sy bates en fondse in trust bewaar.

Wanneer 'n voortrekkerkommando ophou om te bestaan, moet die gebiedsbestuur toesien dat die voorskrifte in verband met ontbinding soos in hoofstuk veertien (14) van die Reglemente omskryf, nagekom word. Sien die kontrolelys vir die ontbinding ingevolge hoofstuk veertien (14). Kontak die gebiedsekretaris vir die nodige inligting.

3.7 Die Transvaal webblad

Besoek die Transvaal webblad: https://transvaal.voortrekkers.co.za vir die nuutste nuus.

Ons streef voordurend na uitnemendheid en kan nou spog met nog twee (2) nuwe funksies op die Transvaal webblad:

1. Na die plasing van kennisgewings via die webblad word al daardie kennisgewings nou regstreeks en onmiddelik uitgestuur na vierduisend agt-en-negentig (4 098) e-posadresse. Indien jy nie enige e-posse ontvang nie, kan jy self registreer. Sien die landingsblad.
2. Loer na die **Dokumente vouer** op die swart balk: Die verskillende dagbestuurportefeuljes se inligting is beskikbaar in die "*dropdown*" opsie.

Alle GGA/GGN en Gebiedskamp inligting word nog steeds gestoor op drie (3) plekke op die webblad onder Dokumente, Kennisgewings en Gebeurtenisse.

1. **Dokumente:** Alle GGA/GGN/gebiedskampe se inligting (datum, naam en spesialisasies) word gestoor onder Dokumente en in die vouer gebiedsgoedgekeurde aktiwiteite.

2. **Kennisgewings:** Op ons tuisbladsy is die nuutste kennisgewings van elke GGA/GGN/ Gebiedskamp waarin onder andere die kampbrief en inskrywingsvorm is. Kliek op die blouskrif vir die genoemde dokumentasie.

3. **Gebeurtenisse:** Die maandelikse kalender van elke GGA/GGN/Gebiedskamp vertoon ook in gebeurtenisse. Hier sien jy weereens die inhoud van elke aktiwiteit se kampbrief.

Soek jy ‘n GGA/GGN of ‘n gebiedskamp se besonderhede?

Gebruik die soek enjin op die maandelikse gebeurtenis kalender (Dis links bo op die kalender) vir volledige inligting of loer in die GGA/GGN en Gebiedskampe vouer vir ‘n kort opsomming.

Het jy geweet dat al die inligting vanaf ons Transvaal webblad en Transvaal Facebookbladsy direk na jou eie kommando en/of oord se FB (groep/bladsy), WhatsApp (individu/groep), telegram, Pinterest en / of twitter rekenings gedeel kan word? Sien die ikone onder aan elke kennisgewing op Transvaal Voortrekkers se webbladsy.

Alle GGA/GGN en gebiedskampe se besonderhede sal op die Transvaal Voortrekkers se webblad geplaas word na ontvang van ‘n foto wat die aktiwiteit die beste beskryf en die voltooiing en instuur van die Inligtingsvorm.

3.8 Administrasie en SAS werkswinkel 2019

Die volgende SAS opleidingsdatum is 16 November 2019.
Kontak my gerus met enige behoefte vir Administrasie en SAS opleiding.

3.9 2019 Kommando -en oord jaarverslae

Neem asseblief kennis van die inhandigingsdatum vir die 2019 kommando en oordjaarverlae.

Alle kommandojaarverslae moet voor of op 24 Janaurie 2020 ingehandig word. Die skakel vir die korrekte weergawe van die kommandojaarverslag sal voor einde Oktober 2019 gekommunikeer word. Moet asseblief nie enige skakel of ander dokumente gebruik nie.

Die oordjaarverslag met asseblief voor of op 14 Februarie 2020 ingehandig word.

4. Finansies en Terreine

(Terreine & Fondse)

4.1 Ledegeld 2019

Ons is nou agt (8) maande in die finansiële jaar en is ons net onder die seshonderd (600) lede kort vir die begrote lede registrasie van sesduisend sewehonderd (6700) en die vooruitskatting op SAS van geregistreerde lede (uitgesluit Ontdekkers en jeugvriende) vir 2019 dui ook aan dat ons kan eindig met betaalde lede van sesduisend sewehonderd (6 700). Baie dankie aan die kommando’s wat ongelooflik hard gewerk het om lidmaatskapsbetalings af te handel binne die spertye wat in plek is. Ons moedig Kommando’s aan om asseblief die laaste seshonderd (600) lede se gelde te in en so spoedig moontlik oor te betaal.

4.2 Terreine

Hartbeesfontein

Die plaas lyk op die oomblik maar vaal en dit is ontsettend droog. Kos vir die wilde diere is maar skaars en moet van ons self-aangeplante plante soms bietjie in die slag bly as die Koedoes daar deurloop. Daar was ‘n baie suksesvolle beplanningsessie gehou met verskeie belanghebbendes van die terrein oor wat die +5jaar fokus moet wees vir instandhouding sowel as ontwikkeling van die terrein.

De Bank

Dit gaan goed op die terrein en gaan dieselfde beplanningsessie soos bo genoem, gehou word met belanghebbendes nader aan die einde van September. Ons is tans wel besig om aandag te gee aan die onderhoud van die saal se dak. Ons okkupasie van die terrein sal ook nou weer toeneem soos ons die somertyd ingaan en naweke sal weer opgeneem word deur die vissermanne.

Tarentaalstraat

Baie dankie aan elkeen wat ons meningsopname vir die gebruik van Tarentaalstraat ingevul het. Die inligting is verwerk en is baie behulpsaam vir die beplanning vir die toekoms ook vir die terrein. Ons hoop om die ondersteuning van die terrein te verbeter in die toekoms.

Kommune

Die okkupasie vir ons kommune kamers is op die oomblik 73%. Daar is weereens goeie belangstelling vir 2020 en is ons hoopvol dat ons weer die Kommune so na as moontlik aan 100% okkupasie sal kry. Ook hier is daar instandhoudingswerk sowel as opgraderingswerk wat tydens 'n beplanningsessie bespreek sal word wat ook die Gebiedskantoor sal insluit.

Dankie aan alle Kommando's en spanne wat gebruik maak van ons terreine vir julle kampe.

5. Bemarking
(Groei)

5.1 Rol-die-wiele projek

Oom Jakkie is reeds ver oor halfpad, oppad die Taalmonument te Paarl toe, wanneer hierdie nuusbrief u bereik. Blootstelling vir die Voortrekkers was egter fenominaal met ongeveer vyftig (50) streek- en kleiner koerante wat berigte geplaas het, verskeie radiostasies wat onderhoude gehou het en amper tienduisend (10 000) mense per week wat vir oom Jakkie op sosiale media volg! Kommandos loods pragtige en interessante aksies soos wat oom Jakkie by hul aankom. Ten minste een (1) nuwe kommando (Graaf-Reinet) is gestig, met al die ander kommando's wat wonderlike blootstelling by hul plaaslike skole en gemeenskappe kon bewerk. Ons wag egter nog vir ander kommando's (ook in Transvaal) om steeds aksies te loods, om oom Jakkie aan te moedig via videos of foto-collages! Nog net enkele kommando's het bv "fietstrap" liedjies gemaak om hom aan te spoor. Ons daag kommando's uit om op kreatiewe manier hul videos te maak waar bv "*Rol die Wiele; Aanstap Rooies; Hoe ry die Boere; As my Ossewa*" ens verwerk word na fietsry liedjies. Whatsapp jul videos of foto's na **Riaan du Preez** by **076 412 8811**. Daar is spesiale *Rol-die-Wiele* vlaggies by Lidia (by Voriemôl) beskikbaar om te gebruik in jul mooi *Rol-die-Wiele* aksie videos.

Onthou ook dat 'n hoofrede vir die *Rol-die-Wiele* toer was om vir kommando's 'n geleentheid te skep om geld in te samel vir hul jaarlikse diensprojek. Borgvorms vir Kommando's wat wel geld wou insamel was uitgestuur. Opskud en maak gebruik van die geleentheid om fondse in te samel om dan 'n verskil in julle gemeenskap met 'n diensbaarheids projek te maak!

Oordleiers en AOL Bemarkers sal binnekort met kommando's kontak maak om inligting te bekom oor Rol-die-Wiele aksies; fondsinsamelings en uiteindelik diensprojekte afgehandel.

5.2 ARISS –projek

Gerhard Gericke was suksesvol om Die Voortrekkers as een van slegs agt (8) “skole” wêreldwyd ingeskryf te kry, wat in 2020 per radio met die ruimtevaarders op die ISS gaan praat. Baie geluk en dankie aan Gerhard vir sy harde werk! Die aksies sal gesinkroniseer word tussen die gebiedskampe wat Ruimtewaarneming met die 2020 gebiedskampe aanbied. Nasionale en internasionale media dekking sal gegenereer word en verdere inligting sal later deurgegee word.

5.3 Bemarkings werkswinkels

Na afloop van ons eerste baie suksesvolle werkswinkel wil ons graag nog ‘n paar sulke opleidingsgeleenthede hou. Drie (3) of vier (4) werkswinkels word vir einde 2019 en begin 2020 beplan, maar meer versprei in die oorde. Oord Oosvaal hou vroeg in November een en daardie finale inligting (asook die plek en datums van die ander) sal later deurgegee word aan alle kommando’s.

6. Penkop en drawwertjie sake

(Leer speel-speel)

Baie welkom aan elke PD offisier en hulle spanne of jy ‘n “ou” of nuwe offisier is, weet ons dat julle harte by die kinders is en is ons dankbaar vir elke oomblik wat julle afstaan vir hulle.

6.1 Gebiedskampe

Meeste van die kampe is reeds afgehandel met groot sukses.

Voorspoed aan Venterskroon wat tydens die September vakansie aangebied word, glo alles is reeds reg vir die kinders om dit te kom geniet.

6.2 GGA/GGN

Die GGA/GGN is goed op dreef en word met passie aangebied. Die laaste beplande dae is goed bygewoon.

Dankie vir die elektroniese terugvoer van die **offisiere** en **ouers** vanaf die GGA/GGN want daardie inligting word verwerk deur die taakgroep en terugvoer word gegee aan die betrokke kommando. As daar enige probleme gerapporteer word, word dit deur die taakgroep hanteer.

Aansoeke vir 2020 GGA/GGN is ontvang en terugvoer aan die kommando en organiseerder sal teen einde September 2019 gegee word.

6.3 Voorslag – Graad 7

Neem kennis dat slegs ‘n jeuglid wat in graad 7 skooljaar is aan die Voorslag proses mag deelneem.

Drie honderd drie en sestig (363) Jeuglede se aansoeke is ontvang vir die kamp en sien ons almal met groot opwinding uit na ‘n heerlike suksesvolle kamp.

Dankie vir elke koordineerder wat al reeds besig is met die voorbereiding vir die kamp.

‘Voorslagboekie’ te koop by Voriemôl – die boekie is beskikbaar maar die komitee neem nie

verantwoordelikheid vir die korrektheid van die boekie nie en moet die werkboeke en offisierehandleidings gebruik word vir spanwerk.

6.4 Werkboeke

Sorg asseblief dat die mees opgedateerde boek gebruik word soos beskikbaar op die Hou Koers webblad.

6.5 Spesialisasies

Daar is 'n nuwe taakgroep onder leiding van Bertus Fourie gestig om die bestaande spesialisasies op te dateer. As enige persoon enige voorstelle of aanbevelings het laat weet ons by kantoor@transvaal.voortrekkers.co.za. Die kantoor sal sorg dat die taakgroep al die inligting ontvang.

6.6 Penkop en Drawwertjie inligting

Enige navrae rakende PD-sake moet asb gerig word aan kantoor@transvaal.voortrekker.co.za die kantoor sal die navrae na die korrekte persone kanaliseer.

7. Verkennersake

(Produk in wording)

7.1 Presidentsverkenner proses 2020

Die sluitingsdatum vir deelname aan die 2020 presidentsverkennerproses is 31 Oktober 2019.

Alle dokumentasie vir die 2020 presidentsverkennerproses sal voor óf op 30 September 2019 beskikbaar gestel word.

8. Staatmakers

(Apart maar Saam)

8.1 Staatmakersverslag

Die verslag insake die ondersoek na staatmakersake is gefinaliseer en sal binnekort op die webblad beskikbaar wees.

8.2 Staatmakerraad

Die datum vir die verkiesing van die staatmakerraad sal na afloop van die verkiesing van die hoofskakeldraer aangekondig word.

9. Volwasse sake
(Oplei en toerus)

9.1 Nasionale Offisieresaamtrek 9 – 12 Januarie 2020

Die Nasionale offisiere saamtrek vind vanaf **9 tot 12 Januarie 2020 te Udolpho**, by die FAK-Rivierplaas, naby Parys plaas.

Die amptelike program begin Donderdagaand. Die basiese kampkoste is **R150.00** per persoon vir die naweek wat twee (2) aandetes en bykosse vir Donderdagaand insluit. Kampeerders sal uit ’n verskeidenheid van ontbyt en middagetes kan kies en vooraf bespreek, maar dit is opsioneel. Jy kan ook die teetuin besoek óf vir jouself sorg vir die ander etes.

Daar is **verskillende opsies vir verblyf** beskikbaar: Kampeer vir R10.00 per persoon per nag; Slaaplokaal: R25.00 per persoon per nag en huisies teen R75.00 per persoon per nag.

Totale kampkoste sal dus afhang van watter tipe akkommodasie jy verkies.

Die Voriemôl sal ook daar wees.

Kursusse wat aangebied gaan word:
1. Stap en Toer
2. Kampleierskonferensie (vir kampbesture),
3. Kulturele Leierskap (kommando- en oordleiers),
4. Lewenskuns vir tieners,
5. Praktiese Spanhantering vir PD’s
6. Praktiese Spanhantering vir Verkenners.
7. Voortrekkers Sing
8. Digitale Burgerskap en Entrepreneurskap
9. Saterdagmiddag sal daar kort Verrykingskursusse wees

Daar is ’n georganiseerde program vir kinders vanaf 5 tot 18 jaar. Daar is ook verskillende aktiwiteite waaruit die kinders sal kan kies. By sommige aktiwiteite soos River “rafting” sal daar addisionele koste wees.

Die wederhelfte kan by die kursus programme inskakel of kies om op uitstappies te gaan, soos om die Bessieplaas te besoek.

Die inskrywings word elektronies gedoen vanaf 2 September 2019. Gebruik die volgende skakel daarvoor: https://inskrywings.voortrekkers.co.za/
Die inligting is reeds versprei op 27 Augustus 2019 via Transvaal webblad.
(https://transvaal.voortrekkers.co.za/nasionale-voriesaamtrek/) en is ook gelaai word op Die Voortrekkers se webwerf.

9.2 Opleidingsbehoefte

Behoefte aan spesifieke opleiding in jou Oord of Kommando? Of dalk vir nuwe kursus wat nie tans bestaan nie. Kontak Dirk van den Berg: 082 418 9467 / dirk@helpendehand.co.za

9.3 Spesop Opleiding

Het jy ‘n behoefte om betrokke te raak by Volwasse Opleiding? Kontak Dirk van den Berg: 082 418 9467 / dirk@helpendehand.co.za

Vir diegene wat gaan kamp of net bietjie wegbreek saam met die gesin – geniet dit en lekker uitrus!

Voortrekkergroete

Zandra Machin – Gebiedsleier (082 923 5611 - gebiedsleier@transvaal.voortrekkers.co.za)
Elsa Schnetler – AGL Administrasie (082 707 2010 - admin@transvaal.voortrekkers.co.za / elsies1@afrihost.co.za)
Anita Bezuidenhout – AGL Finansies en Terreine (082 451 1549 - anita.bezuidenhout@vodamail.co.za)
Riaan du Preez – AGL Bemarking (076 412 8811 - riaandupreez360@gmail.com)
Anine Wheeler – AGL Penkoppe en Drawwertjies (082 459 7157 - anine.wheeler@sabs.co.za)
Jaco van der Walt – AGL Verkenners (072 312 7722 - jaco.vn.dr.walt@gmail.com)
Dirk van den Berg – AGL Volwassesake (082 418 9467 - Dirk@helpendehand.co.za)